DIE MISTERIE VAN DIE KONINKRYK KWEEK 'DIE NAAMLOSE DEUG TUSSEN DINK EN DOEN' (KARL RAHNER)

WATERKLOOF; SONDAG 21 JULIE 2019; LUKAS 19: 1-10

Hierdie is 'n baie bekende gelykenis van Jesus. Verlede jaar het ons Vincent van Gogh se weergawe daarvan op ons jaaralmanak gehad. Om dié verhaal opnuut te kan hoor, moet ons vanoggend iets anders doen. Eers nadink oor Jesus se koninkryksboodskap en dan dink oor die klassieke deugde. Byna soos die nagaan van twee riviere se ontspringing en bo-strome. Vervolgens kom ons dan waar die twee riviere saamvloei. Soos die Vaal- en Oranjerivier daar by Douglas in die Noord-Kaap.

Rivier 1: Die Koninkryk-van-God verwagting

'Koninkryk' is vir ons 'n vreemde beeld. Dat mens God as koning voorstel en dit wat Hy gee voorstel as koninkryk, klink nie reg nie. Ons ouer mense dink nog aan die Britse koninkryk en is nie opgewonde oor wat hulle in ons land gedoen het nie. Jonger lidmate dink aan sprokies oor konings wat vertel word. (Sien bv F Deist: *Die taal van geloof*).

'n Mens het verbeelding nodig om iets te probeer begryp waar die beeld van God as koning vandaan kom. Die antieke mense se lewensgehalte het van die soort koning wat hulle gehad het, afgehang. Indien die koning vrede najaag, kon daar vir almal voorspoed kom. Indien die koning egter oorlog wil maak, gebruik hy die seuns van die land daarvoor en word almal se lewe bedreig. Indien die koning regverdig regeer, was daar lewensmoontlikhede maar indien die koning slegs 'n handjievol ondersteuners wil beïndruk, gaan dit bitter in die land. Geen wonder nie dat die gelowiges intens begin verlang het dat God eendag hulle koning sal wees. God bedoel dit immers goed met mense. God is regverdig. God beskerm mens. Hy sal sorg dat almal goed kan lewe.

Jesus sluit aan by die versugting. Daarom is sy boodskap: God se koninkryk het naby gekom. Mense beskou Jesus as die Messias-koning wat namens God gaan regeer. Maar Jesus se gelykenisse stel hulle verwagtinge reg. Daar's 'n geheimenis oftewel 'n misterie in die koninkryk. Dit het alreeds gekom maar ook nog nie heeltemal nie. Die koninkryk moet mens ontvang, maar jy moet ook aan die koninkrykseise doen. Daar is aspekte van die koninkryk wat sigbaar is maar die eintlike geheim is dat die koninkryk soos suurdeeg onsigbaar werk en groei.

Rivier 2: Die morele deugde

Die deugde het 'n oorsprong in 'n andersoortige Griekse landskap. Dit kom veral van die filosowe Plato en Aristoteles. Laasgenoemde worstel met die vraag watter soort mense sy stad nodig het. Watter soort mense het ons nodig sodat ons gelukkig en tevrede kan lewe? Watter soort mens moet ons vorm?

Aristoteles het vier deugde voorgestel: Wysheid; Selfbeheersing; Moed en Regverdigheid.

Daarby is die drie Christelike deugde van Geloof; Hoop en Liefde geplaas. Sewe is 'n mooi simboliese getal: drie (God se getal) en vier (die aarde se getal). Dit help nie ons maak goeie wette en ons het goeie reëls nie 'n Lysie met moets en moenies help nie omdat mense kortpaaie, verskonings en uitsonderinge soek. Mense moet eerder inherent goed wees sodat hulle in die duisende moontlike situasies waarin mens kom, self goeie besluite kan neem. Mense met inherente deugde, sal goeie keuses kan maak. Dit gaan eerstens oor die karakter, oor die *being* nie oor die *doing* nie.

Kortom ons het goeie mense nodig wat keuses kan maak met wysheid, sonder selfsug, met moed sonder vooroordeel met geloof en hoop en liefde.

Na al die eeue se denke oor maar ook ignorering van die deugde meen die Katolieke denker, Karl Rahner, is daar 'n naamlose deug. 'n Deug wat die spanning tussen dink en doen kan oplos. Ons almal, meen hy, leef in hierdie spanning. Dis die dilemma van die lewe. Ons moet dikwels iets doen maar weet nie wat nie.

"Ons behoort as gelowiges en kerke iets verbeeldingryk in ons land te doen", pleit 'n lidmaat byvoorbeeld. "Die armoede skrei ten hemel. Op die platteland floreer net begrafnisondernemers en drankwinkeleienaars. Die ander mense krepeer…". So praat ons maar kom nie by 'n plan uit wat nie net "visse uitdeel" nie maar mense self "visse laat vang".

Voor ons kan doen, moet ons dit behoorlik deurdink. Volgens Rahner beland ons egter in 'n verknorsing want die werklikheid is veel ingewikkelder en nuwe omstandighede te onvoorspelbaar om helder oplossings te kan uitdink. Ons weet maar te goed hoe beplanning in die praktyk kan boemerang. Dink byvoorbeeld hoe die magtige VSA se militêre navorsing oor die Viëtnam-oorlog misluk het.

Daarom is ons geneig om op een van twee wyses uit hierdie spanning tussen dink (teorie) en doen (praktyk) te ontsnap. Rahner noem die eerste groep "uitgeputte relativiste" (*weary relativists*). Dirkie Smit (*Stukkies van die hemel op aarde*) noem hulle "skeptiese relativiste". Vir hulle is daar nie sin in betrokkenheid of nadenke nie. Trouens daar is vir hulle nie meer goed of sleg <u>en reg of verkeerd</u> nie. Elkeen net vir homself soos hy wil.

Die tweede groep noem Rahner "onversetlike heethoofde" (*obstinate fanatics*). Smit noem hulle "ideologiese fanatici". Kritiese nadenke oor wat die wysste ding is om te doen, is vir hulle onnodig. Hulle verstaan immers die werklikheid met hulle eenvoudige skema vanuit 'n bepaalde ideologie of godsdiens. By elke geleentheid storm hulle beswaard in sonder om die uiteindelike gevolge te bereken. Is dit tans nie kenmerkend van sommige arbeidsorganisasies, politieke partye en ook kerkgroepe nie? Dink byvoorbeeld aan die onderwyseres wat die verliefde paartjie

in die rolprent "Anna and the King" wou red maar in die proses alles verongeluk omdat sy die koning voor ander verkleineer het.

Daar is gelukkig ook 'n derde groep mense. Hulle verduur die spanningsveld tussen dink en doen. Al verstaan hulle nie alles nie, waag hulle om betrokke te raak. Dis 'n naamlose deug wat hulle dring, meen Rahner. 'n Deug wat rasionele nadenke ernstig neem maar tegelyk die intellek se beperkinge aanvaar.

Sou mens hierdie deug nie "nederige vertroue" (*humble confidence*) kan noem nie, vra Jim Bacik? Ons sou ook kon vra verbeeld Jesus se verhaal oor die barmhartige Samaritaan nie hierdie deug nie?

3. Die saamloop van twee riviere: Die Samaritaan toon die naamlose deug.

Ly die godsdienstige leier wat Jesus probeer vasvra, nie aan 'n debateerdery met die kop sonder betrokkenheid van sy hart nie? En is die priester en Leviet wat die gewonde man sien en dan vêr verbystap nie voorbeelde van mense wat meen hulle het geen nadenke nodig nie? Hulle godsdienswet is tog duidelik teen verontreiniging deur bloed en lyke.

Die deur-Jode-veragte Samaritaan sien ook die man. Die Samaritaan was nie Jood nie. Hy was nie van die regte godsdiens nie. Hy was in 'n vreemde gebied waar hy gehaat word en moes eintlik nie hier betrokke raak nie maar so gou moontlik uit die landstreek kom. Hy kan selfs van aanranding verdink word!

Hoekom help hy hom? Al is hy van 'n ander ras as die Jode toon hy daadwerklik karakter. Hy het die deug van moed wat die man se lewe red en selfs ook vir nasorg sorg.

Tussen die godsdienstige priester en Leviet se sien van die gewonde man en hulle optrede van wegstap is daar 'n wet wat waarsku teen verontreiniging deur bloed en 'n lyk. Maar tussen die Samaritaan se sien van die gewonde en doen aan die gewonde voel hy 'innig jammer'. Letterlik staan daar -- soos ook van Jesus dikwels gesê word: 'sy ingewande het gedraai' (*splangnidsomai*). Is dit nie die naamlose deug nie?

Kom die gevoel van medelye nie juis deur die misterie van die koninkryk wat alreeds en ook nog nie is nie? Sigbaar maar ook nie? Met God se nabyheid maar ook andersheid? Die koninkryk van God werk anders as 'n fanatiese verstaan van die wet! Dit skakel nie die emosie van medelye uit nie maar juis by die res van ons brein in. Is dit nie 'n voorreg dat ons die emosie uit ons "nuwe breine kry" nie? Sommige diere (bv krokodille) se optrede is net werking van hulle oerbreine maar die gevorderde ontwikkeling van die brein is die vermoë van medelye! (Sien bv. Karen Armstrong: *Twelve Steps to a Compassionate Life* en Johannes A van der Ven se *Formation of the Moral Self*).

In die spanningsveld tussen dink en doen is dit goed dat die koninkryksgelykenisse van Jesus, lirieke soos dié van Johny Clegg, flieks soos *Capernaum* en fotostudies soos die van Louis Botha oor die Karoo-mense ons breine se medelye-vermoë skerp hou. Dan kom ons weldra by doen uit.

André vN: Waterkloofkerk